



# **TOERISME**

**GRAAD 11**

**HERSIENINGSVRAE**

**KWARTAAL 2**

## **ONDERWERP: BUITELANDSE VALUTABEHEER**

Al die vrae in hierdie dokument is uit vorige ECDoE provinsiale eksamen vraestelle verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 7 bladsye.

## ONDERWERP: BUITELANDSE VALUTABEHEER

NOV 2014 EC

VRAAG 2

2.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

Die suksesvolle aanbieding van die 2010 FIFA Wêreldbeker-sokkertoernooi sal 'n vermenigvuldigingseffek op die aantal toekomstige toeriste wat Kaapstad besoek hê, het die stad se toerisme-agentskap voorspel.

Tydens 'n perskonferensie verlede week, het Kaapstad Toerisme se uitvoerende hoof, Mariette du Toit-Helmbold, gesê dat selfs al het die Wêreldbeker-besoekersgetalle en besprekings in Kaapstad nie ten volle aan die verwagtinge voldoen nie, sou die geleentheid help om duisende toeriste na die stad vir die komende jare te lok.

[Bron: [www.southafrica.info](http://www.southafrica.info)]

2.1.1 Verduidelik wat die term *vermenigvuldigingseffek*, soos in die uittreksel gebruik, beteken. (2)

2.1.2 Toerisme kan beide direkte en indirekte voordele vir 'n land inhou. Verduidelik wat met hierdie stelling bedoel word. (2 x 1) (2)

2.2 Bestudeer die wisselkoersuittreksel vanaf <http://ws15.standardbank.co.za> en beantwoord die vrae.

STANDARD BANK						
BUITELANDSE SLUITINGSINDIKASIE KOERSE vir 29 November 2013 soos om 16:00						
Koers vir die bedrag tot R200 000						
Land	Geld-eenheid	Bankaankope			Bankverkope	
		T/O	Tjeks	Buitelandse Note	Tjeks en T/O	Buitelandse Note
KWOTASIE OP GROND VAN RAND PER EENHEID BUITELANDSE VALUTA						
<b>BRITSE STERLING</b>	GBP	16.3582	16.3201	16.2357	16.8782	16.9732
<b>EURO</b>	EUR	13.6225	13.5836	13.4970	14.0760	14.1060
<b>VERENIGDE STATE DOL</b>	USD	10.0118	9.9667	10.0043	10.3293	10.3293

\*T/O Verwys na 'n telegrafiese oordrag

2.2.1 Gee die datum waarop die wisselkoerse sal verval. (1)

2.2.2 Bepaal die wisselkoers wat deur die bank gebruik sal word indien GBP£ note aangekoop word. (1)

2.2.3 Bepaal die wisselkoers wat deur die bank gebruik sal word indien reisigerstjeks in USD\$ verkoop word. (1)

2.2.4 Mnr. Smith is van plan om na Italië te reis en wil R10 000 vir Euro-note wissel.

(a) Noem EEN ander plek behalwe 'n kommersiële bank waarna Mnr Smith kan gaan om sy geld te wissel. (1)

(b) Die bank sal aan hom Euro verkoop deur gebruik te maak van die Bankverkoopkoers. Bereken hoeveel Euro hy sal ontvang. (3)

- (c) Met sy terugkeer van Italië het Mnr. Smith €35 oor wat hy vir Rand wil wissel. Die bank sal gebruik maak van die Bankaankoopkoers om hierdie omskakeling te doen. Bereken hoeveel Rand hy vir sy €35 sal ontvang. (3)

### NOV 2015 EC VRAAG 3

3.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Me. Jones is besig om 'n oorsese vakansie na Italië en Engeland te beplan. Sy het nog nooit van te vore internasionaal gereis nie en is onseker hoe om haar Suid-Afrikaanse rand te wissel, vir die geldeenhede wat sy gaan benodig.

- 3.1.1 Identifiseer TWEE buitelandse valutafasiliteite waar me. Jones haar plaaslike geldeenheid, voor haar vertrek, vir buitelandse valuta kan ruil. (2 x 1) (2)
- 3.1.2 Me. Jones is onseker oor die term wisselkoers. Verduidelik hierdie begrip aan haar. (2)
- 3.1.3 Me. Jones is gewaarsku dat fluktuasies 'n invloed op haar buitelandse valuta-transaksie kan hê. Verduidelik wat fluktuasies ten opsigte van 'n buitelandse valuta-transaksie is. (2)
- 3.1.4 Bespreek EEN manier hoe die geld wat me. Jones in die Italiaanse gemeenskap sal spandeer, tot voordeel van die plaaslike bevolking sal wees. (2)
- 3.1.5 Gebruik die onderstaande wisselkoerstabel om die volgende vrae te beantwoord.

Buitelandse geldeenheid	Geldeenheid kode	Bank-aankoopkoers	Bank-verkoopkoers
Britse Sterling	GBP	17,7917	18,5295
Euro	EUR	13,8899	14,4923
Amerikaanse Dollar	USD	10,9395	11,2645

- (a) Me. Jones wil graag ZAR8 500 wissel om in Italië te spandeer. Bereken die totale bedrag in buitelandse valuta wat sy sal ontvang, deur van die Bankverkoopkoers gebruik te maak. (3)
- (b) Voor haar vertrek wissel me. Jones ZAR11 500 vir die buitelandse geldeenheid wat sy in Engeland sal benodig. Met haar terugkeer na Suid-Afrika het sy nog £75,00 oor wat sy graag vir die plaaslike geldeenheid wil wissel.
- Bereken die totale bedrag, in die plaaslike geldeenheid, wat sy sal ontvang deur van die Bankaankoopkoers gebruik te maak. (3)

**NOV 2016 EC**  
**VRAAG 3**

Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Mnr. Tukulu gaan in April 2016 na Frankryk reis. Hy moet sy Rand omruil vir Euro voor sy vertrek. Hy hou die wisselkoerse dop in die weke voor sy vertrek om te bepaal wanneer hy die gunstigste wisselkoers sal kry voordat hy sy geld wissel.

Hieronder is 'n uittreksel waarop hy sy wisseling van die plaaslike geldeenheid vir buitelandse geldeenheid sal baseer.

<b>ABC Bank</b>					
<b>FOREX AFSLUITINGSKOERSE VIR 22 MAART 2016 om 16:08</b>					
<b>Koerse vir bedrae tot en met R200 000</b>					
<b>Afsluitingskoers-geskiedenis vir: 2016-03-22 om 16:08</b>					
<b>Geldeenheid</b>	<b>Bank aankoop</b>			<b>Bank verkoop</b>	
	<b>T/T</b>	<b>Tjeks</b>	<b>Buite-landse note</b>	<b>Tjeks en TT</b>	<b>Buite-landse note</b>
<b>KWOTASIES OP RAND PER EENHEID BUITELANDSE VALUTA</b>					
Britse Pond (GBP)	21,4966	21,4194	21,3469	21,9990	22,0636
Euro (EUR)	16,9668	16,9197	16,8423	17,4017	17,4317
Verenigde State van Amerika Dollar (USD)	15,1408	15,0726	15,1333	15,4583	15,4583

- 3.1 Verduidelik die volgende begrippe:
- 3.1.1 Buitelandse valuta (2)
- 3.1.2 Wisselkoers (2)
- 3.2 Gee aan Mnr. Tukulu raad oor EEN plek waarheen hy moet gaan om sy geld om te ruil voor sy vertrek. (2)
- 3.3 Mnr. Tukulu wissel R20 000,00 vir Euro in kontant. Deur gebruik te maak van die bankverkoopkoers, bereken hoeveel Euro hy sal ontvang. (4)
- 3.4 Sal Mnr. Tukulu dieselfde bedrag in Euro ontvang indien hy sy geld wissel op 1 April 2016? Motiveer jou antwoord. (2)

**NOV 2017 EC  
VRAAG 3**


Study the exchange rates given and answer the questions.

Buitelandse valuta	Valutakode	Wisselkoers
Verenigde State van Amerika Dollar	USD	14,19
Euro	EUR	15,29
Pond	GBP	17,62

- 3.1 Thembela van Port Elizabeth keer terug van haar besigheidsreis na die VSA. Sy het \$75 van haar sakgeld oor. Bereken hoeveel rand sy sal ontvang as sy haar buitelandse valuta vir plaaslike valuta ruil.
- Onthou om al die stappe van jou berekening te toon. (3)
- 3.2 Melanie beplan 'n besoek aan haar familie in Londen. Sy het R8 500 wat sy as sakgeld vir haar toer gaan gebruik.
- 3.2.1 Melanie het nog nooit internasionaal gereis nie, maar het al van die begrip “*fluktuasies*” met betrekking tot valutawisseling gehoor. Verduidelik dié begrip aan haar. (2)
- 3.2.2 Lys TWEE plekke waarheen Melanie moet gaan om haar plaaslike valuta vir buitelandse valuta voor haar vertrek te ruil. (2)
- 3.2.3 Bereken hoeveel van die buitelandse valuta sy sal ontvang as sy haar rand verruil vir die geldeenheid van die land wat sy gaan besoek.
- Onthou om al die stappe van jou berekening te toon. (3)
- 3.3 Verduidelik hoe die geld wat beide Thembela en Melanie in die onderskeie lande wat hulle gaan besoek spandeer, tot die plaaslike ekonomie van dié lande gaan bydra. (2)

NOV 2018 EC  
VRAAG 3

Bestudeer die onderstaande beeld en beantwoord die vrae.



- 3.1 Mnr. Jones van Kaapstad gaan na die VSA met vakansie. Identifiseer die tipe transaksie wat in die beeld plaasvind. (2)
- 3.2 Benoem die buitelandse valuta-eenheid wat mnr. Jones vir sy vakansie sal koop. (2)
- Gee mnr. Jones raad oor die betekenis van die woorde 'Ons koop' en 'Ons verkoop'. (2 x 2) (4)
- 3.3 Gebruik die wisselkoerstabel om te bereken hoeveel buitelandse valuta mnr. Jones sal ontvang as hy ZAR 18 500 vir sy vakansie begroot het.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.  
Toon ALLE stappe van jou berekening.

1 VSA-geldeenheid	ZAR 11,79	(3)
-------------------	-----------	-----

**NOV 2019 EC  
VRAAG 3**

Bestudeer die gegewe inligting en beantwoord die vrae.

Mnr. Smith gaan na Londen op 'n besigheidreis. Hy het R25 500 sakgeld vir sy reis, om voor sy vertrek te wissel.



Buitelandse geldeenheid	Bank Aankoopkoers	Bank Verkoopkoers
Euro	15,51	16,10
Britse Pond	18,09	18,80

- 3.1 Identifiseer die buitelandse geldeenheid waarvoor mnr. Smith sy Rand sal wissel. (2)
- 3.2 Noem die fasiliteit waar mnr. Smith sy transaksie afhandel. (2)
- 3.3 Verduidelik hoe die geld wat mnr. Smith vir sy reis wissel, die plaaslike ekonomie van Londen kan bevoordeel. (2 x 2) (4)
- 3.4 Bereken, deur gebruik te maak van die bank verkoopkoers, die bedrag buitelandse valuta wat mnr. Smith sal ontvang as hy sy sakgeld voor sy vertrek wissel.  
**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. Toon ALLE stappe in jou berekening. (3)
- 3.5 Met sy terugkeer het mnr. Smith £15 banknote oor. Bereken, deur gebruik te maak van die bank aankoopkoers, hoeveel Rand hy sal ontvang as hy die £15 wissel.  
**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. Toon ALLE stappe in jou berekening. (3)